# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Augustus 2024**

**ORANIA**
**Eredienstye: Sondae**: Oggend**: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30. Katkisasie: Sondae: 8:45**
**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**
**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**

**ALMA**
**Eredienstye: Sondae; oggend: 10:00 Katkisasie: Sondae: 12:00**
**Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380 Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma**
**Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com**
**Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail**

*Skrifoordenking*

## Ontvangenis en geboorte van Christus

Prof. L. Floor

**Lees Mat.1:18-25**

Twee dinge moet ons hierby tref: Jesus is ontvang van die Heilige Gees (vs.20) en gebore uit 'n maagd (vs.25). Die ontvangenis was 'n goddelike wonder (Luk.1:35), maar die geboorte was natuurlik (Luk.2:7).

Josef kon uit die swangerskap net een afleiding maak: sy verloofde het aan hom ontrou geword. Tog wou hy nie wraak neem nie, maar haar soveel moontlik spaar. Onopvallend wil hy haar 'n skeibrief gee (soos dit letterlik staan in 1:19; kyk 19:7).

**Goddelike openbaring**

Josef ontvang dan in 'n droom 'n openbaring van God. In hierdie heel besondere situasie spreek God op uitsonderlike wyse tot hom: in 'n droom deur middel van 'n engel (1:2). Ons moet die wyse van God se openbaring in die lig van die openbaringsgeskiedenis sien. Josef neem 'n heel besondere plek in die geskiedenis van die Godsopenbaring in. Die *wyse* waarop God tot Josef spreek verskil van die manier waarop die Here met ons praat. Ons het die Woord van God waarin alles wat tot ons saligheid noodsaaklik is om geken te word, aan ons meegedeel is. Maar die *inhoud* van God se openbaring aan Josef is ook vir ons van groot belang.

Wat in Maria verwek is, is uit die Heilige Gees. Die Here sê dit en daarom moet Josef dit glo, en ons moet dit glo.

Besonder opvallend is ook die naamgewing (1:21): Jesus, die Here red. Die verlossing watvan Jesus (met sy eg Joodse naam *Josua* of *Hosea* of voluit *Jehoshua*) bring, is 'n verlossing van sonde, ellende en verslawing.

**Lig uit die Ou Testament**

Wat Josef deur openbaring van God ontvang, is nie iets wat nog nooit tevore verkondig is nie. Deur die Heilige Gees gedrywe voeg Matthéüs 'n eie kommentaar by die openbaringswoorde van die engel. Ons vind dit telkens by Matthéüs. Hy wys graag op die Ou Testament terug. So ook hier (1:22,23).

Matthéüs wil aan sy lesers sê: Wat die Here aan Josef geopenbaar het, staan al in die Ou Testament! Dis eenvoudig die vervulling van 'n Godswoord wat reeds deur die profeet Jesaja gespreek is (Jes.7:14). Ons sou kon sê: As Josef die Ou Tesament verstaan het, sou hy nie so bekommerd gewees het nie. Maar hier word dit tog vir ons duidelik dat ons die Ou Testament, ja die ganse Skrif, nie bloot met ons menslike verstand kan verstaan nie. Ons oë moet verlig word (EF.1:18), ons verstand moet geopen word (Luk.24:45) om die Skrif te verstaan.

Verligte oë van die verstand is 'n gawe van God wat Hy na gebed wil skenk (Ef.1:16), wat in die geloof ontvang word (Ef.3:17,18) en wat die Here deur Sy Woore bewerk (Luk.24:44).

Verligte oë van die verstand is 'n gawe van God wat Hy na gebed wil skenk (Ef.1:16), wat in die geloof onrvang word (Ef.1:16), wat in die geloof ontvang word (Ef.3:17,18) en wat die Here deur Sy Woord bewerk (Luk.24:44, 45).

**Die maagdelike geboorte**

Matthéüs beskryf die geboorte van Jesus as 'n geboorte uit 'n maagd. Wanneer ons nie bereid is om aan die maagdelike geboorte te glo nie, dan is die enigste alternatief dat ons hier met die oortreding van die 7$^{de}$ en 9$^{de}$ gebooie te doen het. Dan het Maria gesondig en gepoog om haar sonde toe te smeer met 'n vrome uitvlug, waarby sy dan nie sou geskroom het om selfs die Naam van God te noem nie. Dan het ons hier die ergste godslasterig.

Die wonder van die maagdelike geboorte is 'n geheimenis wat net eerbiedig in die geloof aanvaar kan word. Die betekenis van die maagdelike geboorte is tweërlei.

* Dit beklemtoon die Middelaarskap van Christus. Hy staan in die middel, tussen God en die mense. Hy is ontvang deur die Heilige Gees. Hy kom van God. Hy het gekom om God by die mense te verteenwoordig. Terselfdetyd is Hy uit 'n maagd gebore. Hy kan daarom omgekeerd ook die mense by God verteenwoordig.
* Deur die ontvangenis en geboorte van Christus is vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensheid die sondelyn

deurbreek. Die vraag van Job in die Ou Testament: *Hoe kan 'n reine voortkom uit 'n onreine?* (14:4), word aan die begin van die Nuwe Testament beantwoord. Uit die onreine maagd Maria is die reine Here Jesus Christus gebore. Christus is nie besmet met die sonde nie. Hy het geen deel aan die erfsonde nie en Hy het van die smet van die sonde vry gebly. Hy kan daaarom ons sondige mense werklik by God verteenwoordig, Hy en Hy alleen is in staat om vir die sonde te betaal.

• * * * * * * * *

**Seënbede**

**ORANIA**

**Verjaarsdae:** Mag die volgende br's en sr's wat in Augustus verjaar, die seën van die HERE ryklik ervaar: Antonie Havinga 3de; Daniel Marx 7de; Hermanus Havinga 26ste.

**Huweliksherdenking:** br. & sr. Gerry en Karen Tomlinson herdenk hulle huwelik op 13 Augustus en word die Here se rykste se seën toegebid vir die komende jaar.

**ALMA**

**Verjaarsdae:** Mag die volgende br's en sr's wat in Augustus verjaar, die seën van die HERE ryklik ervaar: Hannes de Villiers die 21ste en Christiaan de Villiers 25ste;

• * * * * * * * *

***Lief en leed***

**ORANIA**

**Nuwe baba:** Aan br. en sr. Gerhard en Carien Strauss baie geluk met die geboorte van klein Willem Sondag die 14de . Baie geluk ook aan oupa en ouma Pieter en Erna Marx met eerste kleinkind en groot oupa en ouma Daniel en Rinie du Toit. Mag hy julle steeds tot vreugde in die Here wees, 'n verdere bewys van God se beloftes.

**Siekte:** Br. Daniel du Toit was weer in die hospitaal in Bloemfontein waar sy pasaangeëer verwyder is en 'n stent ingesit is en nuwe protokolle voorgeskryf is. Hy voel alreeds baie beter. Br. Wikus Venter is Donderdagnag 11 Julie met die ambulaans na Kimberley vervoer waar hy Vrydagoggend 'n nood breukoperasie ondergaan het. Hy is alweer tuis en sterk goed aan. Ds. Koos Kirsten het Dinsdag 16 Julie ook 'n geslaagde breukoperasie ondergaan. Mag die Here hierdie broeders spoedig volkome beterskap gee.

**Oorlede:** Sr. Lucy Morgan se suster in die ouetehuis in Kimberley is oorlede. Sterkte en mag die Here jou vertroos in hierdie verlies.

• * * * * * * * *

***Grepe uit die kerkgeskiedenis***

# Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

**"Nasional Scouts" gemeentes** (nie waarlik Kruisgemeentes nie – maar ook deur ds du Toit bedien) (vervolg)

Dit was veral tussen die Joiner-groep en die bittereinders dat daar 'n sterk n mate van verbittering gegeld het, en aan skerp uitdrukkings oor en weer het dit nie ontbreek nie. En dit was veral rondom die Nagmaalstafel waar die gespannenheid besonder skerp aan die lig getree het, aangesien hulle geweier het om saam aan die Nagmaalstafel te gaan sit. Op die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van 1903 het hierdie saak ook ter sprake gekom deur middel van 'n beskrywingspunt wat gelui het: "Hoe moet gehandel word met lede wat ontrou geword het aan regering en volk?" Verder het ook die Ring van Utrecht die Sinode om leiding gevra in hierdie saak (Acta Sinode, N.H. of G Kerk 1903:126). Die saak is na 'n Regskommissie verwys.

Die Regskommissie het aan die Sinode advies voorgelê, wat ook die besluit van die vergadering geword het. Saaklik weergegee kom dit hierop neer: Die Sinode is van oordeel dat persone wat in die jongste oorlog ontrou was aan hulle regering en volk deur wapens op te neem of andersins hulp te verleen aan die vyand, deur woord of daad, 'n ernstige sonde begaan het en nie onberispe gelaat mag word nie. Maar aangesien dit nou vrede is en die kerk se roeping is om vrede te bewerkstellig; daarom besluit die Sinode om sodanige persone ernstig te vermaan tot bekering en verbetering van hulle lewe sodat hulle weer met vrymoedigheid as lidmate in die voorregte van die Kerk mag deel. Dit word die predikante en kerkraadslede verder op die hart gedruk om sodanige persone te besoek en hulle te vermaan en om hulle langs hierdie weg terug te bring (Oberholster, 1956:275)

Met hierdie besluit van die Sinode was albei groepe teleurgesteld: Die bittereinders omdat dit nie ver genoeg gegaan het nie, en die "scouts"-groep omdat hulle van mening was dat die besluit 'n sydelingse sensuur op hulle was, en daardeur het groot ontevredenheid onder hulle ontstaan. As leidende figuur onder hulle het 'n sekere S.P. Grobler van Bethal opgetree. Hy het versoek dat die Sinode 'n kommissie van 12 uit hulle moes ontmoet en dat 'n onpartydige persoon van regeringsweë as voorsitter moes optree. Die Sinode het 'n kommissie benoem om hulle te ontmoet, maar wou nie instem met die gedagte van 'n owerheidsverteenwoordiger as voorsitter nie omdat die Kerk nie verwag dat die owerheid hom moet bemoei met streng kerklike sake nie.

Die voorgestelde ontmoeting het op 29 September 1903 in Pretoria plaasgevind. Die vergadering kon egter nie die geskille op broederlike wyse uit die weg ruim nie, met die gevolg dat hulle onverrigter sake uitmekaar is. S.P. Grobler het dieselfde dag aan ds. H.S. Bosman geskryf en hom in kennis gestel dat op 8 Oktober 1903 'n monstervergadering op Vlaklaagte gehou sou word met die bepaalde doel om 'n afsonderlike kerk te stig. Die vergadering is gehou; en nadat verslag gedoen is van die samespreking, is besluit om 'n aparte gemeente te stig. Ds. Bosman, wat die vergadering bygewoon het, het toe eers geleentheid gekry om die vergadering toe te spreek. Nadat hy die Sinodebesluit verduidelik het en tot kalmte gemaan het, is besluit om eers te wag met die stigting totdat 'n verdere onderhoud met die kerklike kommissie gereël kon word, om sodoende 'n vreedsame skikking te probeer tref.

Nadat sommige van die persone reeds vertrek het, het Grobler weer die origes bymekaargeroep, en toe is besluit om 'n **eis** op te stel wat voor die kerklike kommissie by weerontmoeting gelê kon word. Dit het die volgende behels:

(a) Hulle **eis** terugtrekking van die Sinodebesluit die vorige Mei geneem insake "ontroues aan regering en volk in die jongste oorlog", omdat die Kerk hom nie met die politiek moes inlaat nie.
(b) Verder **eis** hulle vernietiging van die eensydige verkiesing van kerkraadslede ná die vredesluiting, aangesien meesal "bittereinders" in die ampte verkies is, en
(c) eindelik **eis** hulle dat die terugtrekking van die besluit op drie agtereenvolgende Sondae van al die kansels van die Ned. Herv. of Geref. Kerk afgekondig sal word (Oberholster, 1956:278,279).

Twee dae ná hierdie vergadering het ds. H.E. du Plessis, 'n gewese predikant van die NG Kerk, op versoek van Grobler, kinders van beswaarde ouers op Vlaklaagte, Bethal, gedoop. Die ontmoeting met die kerklike kommissie is eers bepaal vir 8 Desember 1903, maar moes toe verskuif word na 14 Desember. Op 8 Desember het die beswaardes egter op Bethal vergader en toe besluit dat hulle, omdat die vergadering nie op 8 Desember, soos bepaal, plaasgevind het nie, slegs drie persone sou benoem om hulle **eis** van 8 Oktober 1903 aan die kerklike kommissie voor te lê en te vra dat 'n antwoord binne twee dae na inlewering ontvang moes word. Op 14 Desember het die kommissie toe vergader en die **eise** aangehoor maar kon dit natuurlik nie toestaan nie. ('n Kommissie kan nie 'n Sinodebesluit verander nie). Die kommissie het onderneem om 'n stuk op te stel waarin hulle die saak sou toelig, en het verder die ontevredenes versoek om te wag met verdere stappe totdat die stuk kon verskyn. Dit wou die ontevredenes nie toestaan nie, met die gevolg dat op 22 Desember 1903 'n byeenkoms op Vlaklaagte, Bethal, gehou is waar besluit is om 'n aparte kerk te stig onder die naam Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal.

Daarna het ook op ander plekke aparte “Scouts” gemeentes tot stand gekom, sodat, toe die Algemene Vergadering van hierdie kerkgroep in 1906 gehou is, daar ses gemeentes verteenwoordig was, naamlik Bethal, Standerton, Ermelo (Breyten), Pretoria (Scheerpoort), Heidelberg en Zeerust. Die gemeentes is aanvanklik bedien deur ds. H.E. du Plessis, maar toe hy in 1905 (volgens ’n ander bron 1908) weer predikant van die Ned. Herv. of Geref. Kerk geword het, het ds. S.J. du Toit ook hierdie gemeentetjies bedien. Gemelde Algemene Vergadering van 1906 het 'n ope brief gepubliseer waarin hulle die volgende redes vir hulle stap aangegee het:
(i) Omdat die besluit ons feitlik onder tug geplaas het deur die ontsegging van die gebruik van die bondseëls en dit onverhoord, wat in stryd is met alle goddelike en menslike wette;
(ii) omdat die Sinode met die bewuste besluit buite sy eie kerkwette en bepalinge gegaan het, aangesien die tug op gemeentelede by die kerkrade berus met voorsiening vir behoorlike beskuldiging en geleentheid vir verdediging en selfs vir hoër beroep indien nodig en
(iii) omdat voornoemde besluit berus op die politieke gedragslyn deur ons as party gevolg, en die Kerk dus daardeur kant gekies het tussen twee politieke partye (Oberholster, 1956:280)

***Opmerking***

Wat die Engelse pers betref sou hulle nie 'n traan gestort het indien die NH Kerk sou skeur nie. Hulle ondersteun die eise deur die “Scouts” gestel op die vergadering te Vlaklaagte op 8 Okt.1903. Die redakteur van die *Pretoria News* skryf ewe vroom die leuen: Die **eis** “is een wat ons nie anders kan nie as aanbeveel as 'n voorbeeld van Christelike verdraagsaamheid onder belediging en lastering...” (Oberhoster, 1956:279). Trouens ds H.S.Bosman deel mee dat 'n redakteur van een van die Engelse koerante aan hom gesê het: “Gij zijt te sterk als Kerk; wij moeten op deze wijze zoeken uwe macht te breken” (Oberholster, 1956:280,281). Die Engelse was nie tevrede met die feit dat hulle die oorlog gewen het nie maar wou die Boere nog verder vernietig, as hulle kon, en die Here dit nie verhoed nie.

Daar was burgers van die Kaapkolonie wat hulle volksgenote in die Transvaal en die Vrystaters kom help veg het teen die onregverdige, geldsugtige, wrede en roofsugtige Engelse. Hulle is Kaapse Rebelle genoem, en as die Engelse hulle kon vang is hulle sumier, ten aanskoue van hul volksgenote, sonder genade deur die Engelse doodgeskiet.

Die “National Scouts” of “Joiners” het “dieselfde” gedoen deur vir die Engelse teen die Boere van Transvaal te veg en moes ook, na regte, as verraaiers doodgeskiet geword het. Verder het hulle na die oorlog kerklik geen berou getoon oor wat hulle gedoen het nie maar eerder ‘n uitdagende, aanmatigende en verontwaardige, eisende houding aangeneem.

Dat die “Scouts” en “Joiners” deur hul optrede deelgenote geword het aan die dood en leiding van duisende vrouens en kinders in die konsentrasiekampe, is geensins te ryme met ...“en die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” nie. Daaroor het hulle ook geen berou getoon nie.

In die Kaap het dieselfde ding gebeur: mede boerekrygeres draai teen hul eie mense: Die teologiese skool op Burgersdorp wat in die beginsel “Gereformeerd en Nasionaal” gewortel was as ‘n sterk bolwerk teen die de-nasionaliserings en angliseringsprossesse wat deur die 19 eeuse liberalisme en imperialisme van die Engelse op die Afrikanervolk wou afdwing. Hier het hulle nie “God save the Queen” gesing nie; inteendeel die hart het getrek na die geesgenoot Kruger in die Noorde in sy styd om vryheid en reg. Daarom is hierdie skool, hoe klein ook al in getal, gevrees. Dit was vir die Engelse vyand nommer een. En die jingohaat (jingo: Engelse chauvinis, sterk Engelsgesinde Afrikaner) was daarop uit om hierdie nasionale vesting - vir hulle ‘n “rebelle-nes -” ’n nekslag toe te dien”. Met die uitbreek van die oorlog is die skool gesluit en die professore en studente sluit by die ambulanskorps aan waar hulle goeie werk gelewer het (G.C.P. Van der Vyver, *My erfenis is vir my mooi*, 1969:87).

In Febr. 1901 word prof. Jan Lion Cachet deur die Engelse Distrikskommadant ontbied en beveel dat alle studente van ander distrikte die skool binne 24 uur moet verlaat. Cachet wou nog iets sê, maar word beveel om te swyg en te gehoorsaam. Slegs 5 studente het oorgebly. Reeds is daar gejuig omdat die vyand gemeen het dat dit nou die die einde van die ‘rebelle-nes’ is. Die professore was vasbeslote om voort te gaan al bly daar net een student oor (G.C.P. Van der Vyver, *My erfenis is vir my mooi*, 1969:87,89).

Op 5 Maart slaan hulle weer toe: Prof. Cachet word valslik aangekla van hoogverraad met die moontlikheid om doodgeskiet te word, en word in die gevangenis gewerp. Met sy verhoor volg ‘n droewige verhaal van Afrikanerverraad. Dit was net soos met die scouts, boerevegters wat saam teen die Engelse geveg het, wat die valse getuienis teen ds Cachet ingebring het. Hierdie getuies was o.a. N.J. Grobbelaar (wat getuig: “I now work for the military”) en J.C.Strydom en J. Kruger. Moontlik het hulle gedink dat hulle deur die Engelse militêre owerheid beloon sou word of in hulle goeie boekies sou kom . (G.C.P. Van der Vyver, *My erfenis is vir my mooi*, 1969:87,89).

Na 6 weke is prof. Cachet op borgtog van £2000 vrygelaat en na Oos London verban. Na ‘n petisie deur verskillende Engelssprekende goedgesinde burgers, wat hoë agting vir Cachet gehad het, is die saak op 22 Junie teen hom teruggetrek. Prof. van der Vijver het dit só uitgedruk:

“Die vyand het nie in hul doel geslaag nie. Al moes die (teologiese)skool onder ‘n wolk werk, is dit op ‘n kort tydjie ná nooit tot stilstand gedwing nie. Selfs in die krisisjaar 1900 slaag 3 studente in Matrikulasie, een Intermediêr, ‘n eksamen van die Kaapse Universiteit, en een B.A. met lof.

“Die oorlogsjare was donker. Die verraderlike vyand listig en die planne boos. Hierdie gereformeerde-nasionale vesting moes gebreek word. MAAR GOD LAAT DIE WERK VAN SY HANDE NIE VAAR NIE” (G.C.P. Van der Vyver, *My erfenis is vir my mooi*, 1969:91). (volgende keer verder)

* * * * * * * *

*Iets oor Bybelvertaling en vertalers*

## Die amptelike ingebruikneming van die Bybel in Afrikaans (27 Augustus 1933)



Die eindvertalers van die 1933 Bybel

*Die vertaling van die Bybel in Afrikaans lê ten grondslag van die Eerste en die Tweede Taalbeweging van ongeveer 1872 en 1902. Al die ander bedrywighede van die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners van 1875 en daarná het eweneens die Bybel in Afrikaans as motief en beginsel ondersteun. In 1884 het ds. S.J. du Toit formeel met die vertaling begin. In 1912 het ds. W.J. Conradie se Kinderbybel die lig gesien. 'n Proef uitgawe van die Evangelies en die Psalms het in 1920 verskyn. In 1923 het 'n groep van die eindvertalers die taak grootliks heeltyds aangepak – drr. J.D. du Toit (Totius), J.D. Kestell en H.C.M. Fourie. Hulle proefuitgawe is in 1929 met geesdrif ontvang. En toe, in 1933, het die Bybel volledig in Afrikaans verskyn. Die eerste besending van 10 000 Bybels is in Mei 1933 in Kaapstad afgelaai. Intussen het verdere besendings van 10 000 Bybel aangekom. In elke gemeente is feesgevier. Die Bybel was in ons eie taal, in Afrikaans, beskikbaar! Op 'n sentrale byeenkoms in Bloemfontein het 5 000 mense in die Marksaal vergader. Elders het 'soortgelyke getalle kinders en jong mense byeengekom. Die ontvangs was veral geseënd, omdat die Bybel in 'n tyd van politieke onbestendigheid, ekonomiese agteruitgang en 'n teisterende droogte verskyn het. Die Afrikaner weet vandag dat God in sy genade op die regte tydstip die Woord in Afrikaans besorg het toe alle ander aardse sekerhede rondom die Afrikaner begin tuimel het. Geen wonder dat net in 1933 alleen 150 000 eksemplare versprei is nie!*

## Uit die pers

# DIE OLIMPIESE SPELE – ter ere van die afgode

Min mense staan stil om te dink wat en waar die Olimpiese spele vandaan kom en waar sy wortels lê. Waar kom die brandende fakkel vandaan? Waar het die hele gedagte sy oorsprong?

**Ou Griekeland**

Die Spele het by die Grieke begin. Die Grieke se hoofdoel met sport was om die seuns en mans oefening te gee om bekwamer soldate te wees. Daarom was hul sport aanvanklik beperk tot die gebruike van oorlogvoering soos hulle dit geken het: vaart om jou vyand in te haal of voor te bly as jy vlug; krag en die slag om met die spies te gooi; krag om te stoei as jy met jou vyand handgemeen raak. Hulle groot feesdae, die Olimpiese Spele, is ingestel om hulle gode te vereer.

Aanvanklik het die Spele net een dag geduur en was beperk tot naellope en stoei. Maar mettertyd het meer items bygekom. Voor die spele begin het, het die deelnemers eers offers en gebede aan hulle gode gebring wat die hulle moes help en beskerm: die stoeiers het sy halfgod Hercules aangeroep; die digters Apollo; die beskonkenes het hulde aan Bacchus en Aphrodite gebring. Alle deelnemer moes die Olimpiese eed afgelê dat hulle getrou sal wees aan hulle land en hulle godsdiens. Geen vroue is toegelaat nie. Vanaf die 95ste Spele moes alle afrigters en deelnemers nakend wees sodat

almal duidelik kan sien dat geen vrou teenwoordig is nie.

Na die Griek, Alexander die Grote, Kanaän in 332 v.C verower het, het hulle hulle sport ook daar beoefen en is die jong Joodse mans later ook in die versoeking gelei om daaraan deel te neem. Omdat die Grieke gesteld was op ‘n volmaakte liggaam het hulle die Jode gespot omdat hulle besny is. Dit het gemaak dat Jode afvallig van hulle godsdiens aan die HERE geword het en hulle seuns terwille van sport nie besny het nie, sodat hulle later wel sonder spot daaraan sou kon deelneem. Hulle godsdiens, die besnydenis, teken van die verbond, moes buig voor die sportgod.

As Christen het keiser Theodosius die Spele in 394 n.C. afgeskaf omdat hy dit as heidens beskou het. Die spele het eers 1500 jaar later weer herrys.

**Die Olimpiese Spele herleef**




Met die gedagte aan saamsnoering agter in sy kop, het ‘n Fransman, baron Pierre de Coubertin (1863-?), hom beywer om die Olimpiese Spele weer vir die moderne wêreld te laat herleef. ’n Internasionale Komitee is in die lewe geroep en dit het daarop uitgeloop dat die eerste moderne Olimpiese Spele in 1896 in Athene, hoofstad van Griekeland, gehou is met die doel om mense uit verskillende lande op die sportveld bymekaar te bring

Die Spele het gereeld elke 4de jaar plaasgevind behalwe in 1916, 1940 en 1944 tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë. Anders as in antieke Griekeland, is die oolooe nie getstaak tydens die spele nie.

Die grootste sportfees wat die wêreld vandag ken, is hierdie herrese Olimpiese Spele. Die Olimpiese simbool is van 5 oorvleuelende sirkels: groen, geel swart, blou en rooi op ‘n wit agtergrond. Dit verteenwoordig die 5 vastelande van die wêreld wat in vriendskap saamgesnoer is

Die Internasionale Olimpiese komitee is in Lausanne gevestig en is ten volle onafhanklik. Hulle wys die plek aan waar die volgende Spele gehou sal word. Alhoewel die gasheer-land - hierdie jaar is dit Frankryk - verder die Spele reël.



As sinnebeeld van die voortbestaan van die Olimpiese ideaal, is daar met elke Olimpiese Spele ‘n fakkelloop vanaf die oorspronklike Olimpiese Stadion na die gekose plek. Vandag is nog net die ruïnes oor. Die hele vlam-aansteek ritueel is sterk kulties en word 'n ode aan die son en hoofgod Zeus (Romeine noem hom Jupiter). ‘n Olimpiese amptenaar steek die vlam elke Olimpiese jaar by Olimpia d.m.v. 'n konvekslens met die strale van die son aan. Hierdie fakkel word na die stadion waar dié jaar se Spele plaasvind deur ‘n aflosspan gedra om die vlam weer daar aan te steek. Tydens die slotseremonie word dit weer plegtig gedoof.



By die opening lê ‘n vooraanstaande atleet van ‘n land die Olimpiese eed namens sy landgenoot se atlete af. Die teks soos deur baron Pierre de Coubertin ingestel, lui soos volg:

*“Ons sweer dat ons op ’n eerlike wyse aan die spele sal meeding, met inagneming van die bestaande voorskrifte en in die gees van ware sportmanskap* ***tot eer van ons land en tot roem van sport.****”*

**Vrot vrugte**

Dit is duidelik dat die Olimpiese Spele ingestel is om deur middel van sport die brug te bou om volke meer vreedsaam teenoor mekaar in te stel. As ons besef dat die ou Spele ’n godsdiens ter ere van die afgode, en dan veral Zeus, was, sal die moderne een in lyn daarmee wees. Ons sien dit in die belangrike rol wat die oordra en aansteek en uitdoof van die vlam speel Die rituele wat gepaard gaan met die aansteek en oordra van die vlam, is as’t ware hantering daarvan as iets heiligs. 'n Mens hoor dit in die okkultiese New Age Olimpiese lied. ’n Mens sien dit in die manier waarop mense vasgenael sit voor die TV; en radio. Koerante en tydskrifte is vol daarvan; die helde-ontvangs wat die wenners kry wanneer hulle tuis kom. Die hele atmosfeer is vol van die dinge van die wêreld “***tot eer van ons land en tot roem van sport”*** en nie van die eer van God nie. Die Sondag word aan die Spele gewy in plaas van aan God se diens en eer, om die opstanding van ons Verlosser, onse Here Jesus Christus, te herdenk. Die openingseremonie herinner sterk aan die samekoms van wêreldgodsdienste met sy sterk okkultiese simboliek. Luister ons na die onderhoude wat met sommige atlete gevoer word, blyk die aggressiewe selfversekerdheid en blatante selfbeeld. Die eed wat deelnemers aflê, is afgodies aan sport en land die eer, en nie aan God nie. Dit staan ook in skrille kontras met wat Christus ons beveel in Matt. 5:34 – 37. “Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie ...... maar laat julle woord wees: Ja, ja, nee, nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.”

Hierdie jaar het die vrot vrugte nie uitgebly nie. By die openingsseremonie word ‘n bespotting van die nagmaal en Christus gemaak deur lede van die woke en LGBTQIA+ gemeenskap. ‘n Parodie (belaglike nabootsing) van da Vinci se *Laaste Avondmaal,* is hoofsaaklikof of uitsluitlik vroue die dissiepels met 'n vet lesbiese vrou wat Christus voorstel. Dit is blatante laster. Na die besware van oraloor gekom het, is verskoning gemaak dat hulle met “die onkuise (waar o.a.

groengeverfde mense kaal op en af paradeer het) toneel wat met Leonardo da Vinci se laaste nagmaal ooreengekom het, net inklusief wou wees". Dit het Dioneses, 'n Griekse afgod, e.a. afgode aan wie die spele aanvanklik opgedra is, uitgebeeld. Selfs die verskoning is lasterlik want dit maak Christus gelyk aan hierdie sondaaars wat uitdagend in hul sonde wil bly. As inklusief is bv. die "sport" boks (wat geen sport is nie maar 'n oortreding van die 6^de^ gebod), waar 2 vroue (XX) by name genoem teen 2 mans (XY) by name genoem, teen wie hulle sal boks. Daar word spekuleer dat ten minste een van die vroue dit nie sal kan oorleef nie. Geslagte is mos nou gelyk!

Die nagmaal is baie duidelik eksklusief, net vir God se verbondskinders bedoel. Vir hulle wat hulself ondersoek het sodat as hulle in sulke afstootlike sondes volhard, hulle van die nagmaal sal onthou sodat hulle oordeel en verdoemenis nie nog swaarder word nie. Die insluiting van die LGBTQIA+ drukgroep en 'pride'is besonder inklusief – die alfabet word bedreig. .

1 Kor.10:14, 18-21 sê: "...vlug vir die afgodediens...het die wat die offers eet, nie gemeenskap met die altaar nie? Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? **Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie**. En ek wil nie hê **dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.** Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie."

**Dit is duidelik dat geen ware Christen aan dié afgodespel wat hulle besig hou met offers aan duiwels, mag deelneem nie of die gebeure op die TV volg nie – Waar ons Drie-Enige God, Skepper, Verlosser en Heiligmaker onteer en gelaster word, nie. Die enigste Christene wat wel daar mag optree is hulle wat sendingwerk onder die spelegangers doen. Want die antwoord is nie hierdie wêreld-kultuur nie maar die Evangelie.**

* * * * * * * *

**Gee my 'n mán**
**Wat sê wat wáár is!**
**As die duiwel dáár is!**
**Wat doen wat reg is -**
**As die regter weg is.**
**Wat trou by sy gewete bly,**
**As hy straf in plaas van beloning kry!**

**C.J. Langenhoven**